

**Skriflesing:** Deuteronomium 4:1-10; 6:1-15

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 34a**

**Teks:** 1 Johannes 4:19

**Sing- SAMESANG: Ps 78:3**

**TYDENS EREDIENS: Ps 119:7,8; Ps 119:27,44; Ps 19:4,6**

In Sondag 34 staan daar 'n dankbare mens voor ons en hy vra- **Hoe lui die Wet van die Here?...** Die Wet is die eerste en die laaste norm vir wat goeie werke moet wees. Dit wat in ant.91 ooreengekom is toe daar gevra is- **Wat is goeie werke?** En ons het geantwoord- **Goeie werke is slegs die wat uit 'n ware geloof volgens die wet van God tot sy eer gedoen word en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie.** As verlose kind van die Here is u diepste begeerte, u opregte verlanse sal wees, ook dit wat die digter van Ps.119:131 sê- *Ek maak my mond wyd oop en hyg, want na u gebooie verlang ek.* Hierdie gebooie, elke één, daarna moet ons soek om daaraan gehoorsaam te wees, want daarsonder kan daar nie goeie werke wees nie. Dit is wat ons noem die reël vir ons lewe van dankbaarheid.

Laat ons dadelik hierby voeg, broeder en suster, in wat vanaf Sondag 34 tot Sondag 44 gaan volg, waar die Wet van die Here, in sy omvang, sy volheid, sy diepte en krag bely word, dat die tydsgees waarin ons is het die Wet lankal wou uitskuif. Ons kan ons tydsgees duidelik tipeer as 'n tyd van menseregte, as 'n tyd waarin mense nie gekonfronteer wil word van dit moet jy doen en dit mag jy nie doen nie. Daar is só baie mense wat vir jou sê ek is wie ek is, en jy is wie jy is. Kom ons mekaar respekteer en die vryheid wat daar vir ons elkeen is handhaaf. Moet my nie probeer bind nie, en moet nie met my oor só iets soos *gebooie* praat nie. Die bekende Franse filosoof Sartre het die grondgedagte diep ingeplant dat die vrye mens moet sy eie lewensontwerp self kan uitwerk. Niemand kan dit namens my probeer doen nie, en het hulle ook gesê- Hoe durf jy met my oor God praat en sy gebooie... ek laat my nie van buite voorskryf nie!

Hoe anders is die moderne mens se uitgange as dié van Ps 119- Daar word gehy in die verlanse na God se Wet. Die mond word wyd oopgemaak, en laat ons by elk van hierdie gebooie ook elke keer werklik met vreugde en dankbaarheid met wye mond en klank die gebooie ons eie maak.

Voordat ons nog werklik kan kom by presies hoe die Wet van die Here lui is dit tog belangrik om die oorsprong van die Wet en selfs die karakter van die Wet jouself in te grawe. En dan kan ons nie anders as om eintlik maar weer te besef hoe vol die Wet geskryf staan van dit wat God se liefde is. Sonder 1 Johannes 4:19 sou die Wet nie wees wat dit vir ons is nie- *Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.* God het ons eerste liefgehad en daarom is daar sy Wet.

\*\*\*

Ons moet altyd só daaraan dink. Dit gaan nie maar net oor 'n klomp moets en moenies nie. Intendeel die Wet soos ons dit in Exodus 20 en Deut. 5 lees, is alles behalwe die begin van die Wet. Eers was die Wet in die mens se hart geskrywe. Toe God vir Adam geskape het toe het God vir hom ook reeds sy Wet gegee. Ons sou kon sê die Wet was by Adam ingeskape. Van nature sou Adam vir God kon liefhê en ook sy naaste soos homself. Adam was werklik vir Eva baie lief. Dit was nie nodig dat God hierdie gebooi apart vir Adam moes opstel nie. Wanneer 'n voël moet leer vlieg dan is dit nie nodig dat die voël eers na 'n vliegskool moet gaan nie. So min soos wat 'n vis na 'n swemskool moet gaan om werklik te leer swem. Dit is alles ingeskape in die vis of in die voël.

So was die Wet van die Here by die eerste mens ingeskape. Selfs die proefgebod was nie die eerste Wet nie. As God verbied dat hulle van die vrugte van die boom nie mag eet nie, dan was dit 'n verbod wat ekstra bygekom het, want dit wat by hulle ingeskape was het hulle reeds in staat kon stel om aan God gehoorsaam te wees. God het met die proefgebod gewoon die mens getoets of hy inderdaad vrywillig vir God bó alles sal liefhê en sy naaste werklik soos homself in liefde kon omvou.

Daarom moet ons soos die eerste mens werklik gelewe het, daardie lewende mens het eintlik 'n lewende wet ontvang. Wanneer die trein sy spore vind dan kan dit gewoon daarlangs voortbeweeg, of as 'n skip in die water gelaat word dan kan die skip juis net in die water gewoon voortbeweeg. Die skip is vir die droë grond nie gemaak nie. Met die Wet wat God by die mens in die paradys ingeskape het, sou ons kon sê, in hierdie wonderlike plek- die paradys- langs die wonderlike weg- die ingeskape wet- sou die mens na 'n ewig onveranderlike lewe kon oorgaan deur gewoon die spoor van die Wet in

sy hart te volg. Die Wet was volkome daar om die onveranderlike bestaan vir die mens moontlik te maak. Maar die mens het die keuse anders gemaak, gedink om soos 'n skip eerder die water te verlaat, asof dit moontlik is vir 'n skip om in die woestyn sonder water rond te vaar.

Die mens het die wet en sy bestaan ingeruil vir wat nooit beter as die paradys en die ingeskape wet kon wees nie. Dit het ons ellende so groot gemaak. Ellende wat juis beteken jy is uit jou land uit en nou is die wet wat daar was ook nie meer joune nie. Dubbele ellende wat die mens tref terwyl God juis in alles sy Wet moet handhaaf. God sal sy Wet nie verander nie, want Hy wat God is verander nie. Ek ken my ellende alleen uit die Wet van God. Dit het ons lankal reeds in Sondag 2 bely.

Om die gedagte van die Wet te sien soos die see waarbinne 'n skip moet vaar nou het die mens sy eie skip stukkend geslaan. Hoe ellendig gaan dit met 'n lekkende skip op die wye see. Die see kan dit verslind en dit laat sink tot op sy diepste bodem. So sou die mens na die ewige verderf weggevoer kon word en dan sou God nog in alles reg wees. Sy Wet was reg.

Die mens het die Wet verbreek, maar God se genade is nie gebreek nie. Dit is genade, alles genade dat daar nog altyd genade was. Dit wat God vanuit sy Wet doen is dat sonde nie ongestraf kan bly nie. God straf die sonde in alle opsigte en dit sou op die einde word die verskriklike straf aan sy eie Seun. Voor dit is daar egter 'n lang pad wat die Wet sou kom. Die Wet op Sinai dra meer as God se handtekening. God het daar die tafel van die Wet met sy vinger geskrywe. In Deuteronomium 4 staan dan ook dat God het aan sy volk sy verbond verkondig en wat *Hy hulle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe...*

Hierdie tien woorde, die gee van die Sinaiwet gebeur ook op die tyd wat Israel maar enkele maande (presies 50 dae) gelede wat Israel uit Egipte verlos was. Hulle is oppad, van Egipte na Kanaan. Egipte lê agter hulle en die land van die belofte lê voor hulle. Tog het daar intussen so baie dinge gebeur al is hulle maar net enkele maande uit Egipte uit.

Hoe het hulle nie gekla nie, gekla oor Mara se bitter water, en ook het hulle oor daar nie kos was nie. God gee aan hulle manna. By Rafadim het hulle weet tekort aan water. Daar slaan Moses die rots en daar vloei water. God gee water en gee kos maar die mens hou nie op om teen God in opstand te kom nie. Die tyd was heeltemal ryp dat God sy Wet opnuut by hulle moet inskerp. God sal sy verbond met hulle weer nuut maak en daar gee Hy sy Wet wat hulle opnuut na moet luister.

Hier moet ons besef presies die woorde waarmee God Self sy Wet inlei. Dit gaan net-net om die presiese woorde nie, maar op watter besondere stadium kom hierdie besondere woorde- *Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het...* Die Here verlos eers en dan kom die Wet. Hulle is klaar uit Egipte uit, m.a.w. dit wat God doen om ons te verlos gebeur eerste en dan eers kom dit wat ons moet doen om God in sy verlossing te eer. As God sy Wet sou afkondig voordat die volk uit Egipte sou vertrek dan sou dit totaal anders verstaan kon word, maar juis het God dit met opset nie só gedoen nie.

Dit is geweldig belangrik, broeder en suster, want dit is soos wat Calvin dit ook gestel het- God gee eers Homself en dan eis Hy van ons gehoorsaamheid. So het God dit weer gedoen. God gee eers Homself eers in sy Seun aan die kruis en eers dan wanneer God dit doen dan kan die sondige begeertes nie meer so oor my heers dat ek nie myself as dankoffer aan Hom kan toewy nie (S 16/43) Die Wet is werklik 'n evangeliese wet. Die verlossing uit Egipte kon nie afhanklik gemaak gewees het van Israel se onderhouding van die Wet nie. Hulle is eers verlos en daarna het die Wet op Sinai gekom. As dit moes wees dat Israel in Egipte eers God se Wet sou moes volbring voordat God hulle uit Egipte sou kon uitlei, dan sou Israel nooit 'n voet uit Egipte kon versit nie. Redding sou eintlik totaal en al onmoontlik gewees het.

In die nood en dood van ons bestaan as daar by ons volmaakte gehoorsaamheid as voorvereiste vir verlossing sou moes wees dan sou daar nooit verlossing kon wees nie. Israel was as volk geen beter volk as die Egiptenare wat deur en deur 'n heidense volk was nie, maar moet nie dink Israel het nie ook hulle afgode daar gedien nie. Hulle het!

Uit hulleself het Israel geen vrees in hulle oë vir God gehad nie. Dit is alleen God wat red, Hy wat die klipharde hart van die mens ken, en dat daar dan eers verlossing kom is alleen God se genade, maar dan skryf God op 'n klip wat in alle geval nie harder is as die mense se harte nie, dat dit moet word klip teen klip. Tog is dit nie Wet teen Wet nie. Die mens het in sy hart die ingeskape Wet verloor en daarom as die Wet van buite die verlore Wet moet soek dan is dit die mens se hart wat God soek. *Gee my jou hart!*

Laat ons nie twyfel nie- Die gee van die Wet was genade, die inleiding van die Wet spreek eerste van verlossing, die werklike betekenis en karakter van die Wet gaan nie oor gebod op gebod nie, maar dit is die Evangelie van God, God se boodskap van bevryding en verlossing wat nou nog tot ons kom as die Wet tot ons kom.

Dit kom alles van God af. Dit is nie Moses wat dit opgestel het nie. Hy het nie maar 'n samevoeging gemaak van allerhande wette wat hy in Egipte al van geleer het, of dit was nie maar sommer 'n verwerking van 'n heidense wetboek soos die van Hammurabi nie. God kondig die Wet Self in sy eie stem af en meer as dit, God gee die afskrif daarvan soos God dit Self op klip graveer het en deur die diens van engele word dit in Moses se hande geplaas.

Die Sinai wetgewing is enig soos wat God enig is. Daar was nie verniet die geweldige voorbereiding en reiniging wat moes plaasvind voordat die oorhandiging kon plaasvind nie. Die berg was afgebaken en alles was eers in gereedheid gebring vir die groot dag. Op die derde dag na die voorbereiding toe gebeur dit alles. Die weerlig blits en met donderslae sak daar 'n swaar wolk op die berg neer en die geluid van 'n harde basuin laat almal opstaan. Moses lei toe die volk uit die laer na die voet van die berg. En die berg is die ene rook want God het in 'n vuur daarop neergedaal. Die berg lyk soos 'n brandende oond en dit begin te skud. Dan begin God se stem opklink soos wat God Self die Wet afkondig. EK IS begin te praat- *Ek is die Here jou God...*en wat daarop volg.

\*\*\*

Ja broeder en suster, dit gaan om waaragtige godsdiens as dit gaan om die Wet. Die tweede gebod gaan om die waaragtigheid in ons erediens, maar daar sal nie

waaragtigheid in ons erediens kan wees as daar nie waaragtigheid in ons godsdiens is nie. Waaragtigheid in ons godsdiens is om die ingang van die Wet in sy evangeliese uitgang vas te hou. Dit is om werklik die stem te hoor wat daar praat. Al rook die berg, die vuur slaan uit, die klippe skud, maar in dit alles is die stem van die goeie Herder en in elke gebod sien ons sy hand wat ons lei in die spore van sy geregtigheid. Dit om sy Naam ontwil. Die waaragtige godsdiens is gevul met wat daar van die Wet in Ps:19:8 ook staan- *Die bevele van die Here is reg: hulle verbly die hart.* Psalm 119:97 roep die digter- *Hoe lief het ek u wet: dit is my bepeinsing die hele dag...* Hoe het Paulus dit ook kon uitroep- *Ek verlustig my in die Wet van God.*

Die Wet is nie daar om God se kinders te frustreer nie. Hoegenaamd nie! 'n Ware lewe van dankbaarheid sal nie kan plaasvind as daar nie 'n pad daarvoor ook gereedgemaak is nie. God laat ons nie aan onself oor nie. Die Here wys ons die pad, die norme, die reëls is daar om jou waarlik in God bly te maak en vry te maak. Ware vryheid is om aan God gebonde te wees. Ons gebondenheid is juis ons vryheid. Soos jou hand tien vingers het, God het ons hande so gemaak, dat ek met hierdie tien vingers alles kan vat wat daar in my en jou lewe gevat moet kan word. Maar soos die volledigheid van jou hand die tien vingers het so het God die volheid van Sy Wet as't ware met tien woorde tussen jou tien vingers geplaas dat ons voluit daarmee die lewe kan ingaan. Hier gaan dit werklik om die uitdrukking tien uit tien! Dit is volmaak!

Die Wet soos ons dit ook elke Sondag mag hoor, kom na ons in Jesus Christus. Ons lewe in dankbaarheid is waarom dit alles gaan. Paulus wie ons gehoor het hom in die Wet verlustig, dit was nie dat hy dit van die begin af as vreugde kon beskou om in die Wet te leef nie. Hy het dit ook eers verkeerd verstaan. Hy was eers 'n Fariseër en die Fariseërs beskou die nakoming van die Wet juis as soort van 'n afvoerbuis, dwangbuis, jy moet jouself eers langs hierdie en hierdie gebod indwing en sal die Wet jou in toom hou en jou vasbind. Toe Christus in Paulus se lewe kom toe ontdek hy maar Christus het die Wet vir my vervul. Christus het die Wet volkome nagekom, in my plek. Die Wet is nie meer die middel wat vrede tussen my en God moet bring nie. As Paulus sy hart voor die gemeente oopmaak dan skryf hy in Romeine 7 hierdie nuwe lewe neer. Hy wat reeds by Christus is,

dit is nie die Wet wat hom by Christus uitbring nie, Christus het vir Paulus na Hom toe gebring, maar hy wat nou reeds by Christus is, nou bring Christus hom wat Paulus is wel by sy Wet uit. Dit bly dieselfde Wet maar tog is dit nou heeltemal anders. Die ontdekkende krag van die Wet laat ontdekking na ontdekking gebeur. So bely Paulus dat hy nie sou gewees het wat sonde is as dit nie vir die Wet was nie. Hy ontdek juis deur die Wet al sy skuld en tekortkominge voor God. Dit gee Paulus soveel meer rede tot dankbaarheid, dat die Wet wat die meer rede tot dankbaarheid is dit word dan inderdaad ook die reël van dankbaarheid. Hy skryf dan ook in Rom 7:12- *Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed...*

Die Wet is al hierdie dinge en tog as ons waarlik oor die inhoud en indeling van die Wet moet handel dan is 1 Joh. 4:19 weer ons teks- *Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.* Dwarsoor die Wet is daar eintlik net een woord geskrywe, dit is as't ware vlamme letters wat by elke gebod brand. Die een woord wat oor alles geskryf staan, is die woord LIEFDE. Hy het ons eerste liefgehad. Wie dit nie besef nie, is iemand wat God nie liefhet nie, en wie God nie liefhet nie sal voor die Wet geen liefde kan betoon nie.

Dit is goed bekend hoe Jesus Self die Wet tot Mattheus 22 saamgetrek het- *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. En die tweede wat hiermee gelykstaan is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.* Die liefde wat hier plaasvind is nie maar net 'n gevoel nie, maar dit gaan om daade, om werke. Die goeie werke wat ons nou reeds dikwels na moes kom.

Die Wet behandel juis liefde as daad. Dit gaan nie net oor hoe jy binne voel nie, die metodistiese piëtistiese vertrekpunt nie, maar liefde gaan juis vooraf en dan gaan die liefde oor wat jy moet doen en wat jy nie mag doen nie. Sal 'n bruid tevrede wees as haar bruidegom maar net sê dat hy vir haar lief is, net daardie gevoel maar daar is geen daade van liefde nie. Nee, juis moet my daade my liefde toon. Hoeveel te meer geld dit teenoor ons hemelse Bruidegom en sy Wet. Ons moet wys dat ons vir Hom lief is. Daarom is die Wet in sy indeling werklik na liefde verdeel. Die eerste vier geboeie handel oor ons

liefde tot God. Die laaste ses gebooië het die liefde tot ons naaste as kern. Die eerste vier gebooië is my gedrag teenoor God en die laaste ses is nie wat skuld ander mense aan my nie, intendeel dit gaan oor die liefde wat ons aan ons naaste verskuldig is. Maar dit is so, wanneer ek van die eerste gebooië oortree, waar dit gaan om ons verhouding tot God, dan raak dit ook my naaste. Die afgode wat ek mag hê, kan ook my naaste verlei. Wanneer ek die sabbat nie hou nie, dan het dit ook vir my naaste bepaalde gevolge!

En dan is die erns van die eerste gebod waar dit gaan oor soos ons reeds gestel die waaragtigheid van ons godsdienste die heel belangrikste wat al die ander gebooië ook moet inlei. Die tweede gebod wat gaan oor die ware erediens kan nie gebeur as daar nie ware godsdienste is nie. En dan is dit dadelik 'n saak wat ons saligheid op die spel plaas. As die Kategismus oor die eerste gebod handel dan staan dit baie sterk- **Ek moet ter wille van my eie sieleheil en saligheid alle afgodery vermy en daarvan wegvlug.** God verdra geen afgode nie. Die eerste gebod staan wel as deel van Sondag 34 maar dit is so belangrik, in 'n sekere sin die belangrikste dat ons 'n volgende keer dit afsonderlik moet hanteer.

AMEN

Vrae uit Sondag 34a

1. Watter Sondae van die Kategismus handel oor die Here se Wet?
2. Wat staan in Ps 119:131?
3. Om watter rede wil baie van die moderne mense nie eintlik meer na die Wet luister nie?
4. Wat is die belangrikste en die grootste gebod wat eintlik oor al die gebooië geskryf staan? (Vgl. Son 2)
5. Is die Wet in Exodus 20 die eerste Wet wat daar was?
6. Wat bedoel ons daarmee dat die Wet eers in die hart van die mens geskrywe was?
7. Wat het die mens met hierdie eerste “lewende” wet gemaak?
8. Hoekom het die sondeval eintlik oorsaak geword van dubbele ellende wat ons getref het (Vgl. begin van p3. )
9. Wat is die betekenis van die woord “ellende”?
10. Sou God nie maar kon besluit om die sonde ongestraf te laat bly nie?
11. In watter mate kan ons onderhouding van die Wet tot ons saligheid bydra?
12. Hoekom sê ons dat die Wet op Sinai dra méér as net God se handtekening?
13. Hoe lank na die vertrek uit Egipte het Israel hierdie Wet ontvang?
14. Hoekom is dit so belangrik om jouself presies op hoogte te stel van op watter stadium God hierdie Wet gegee het?
15. Met watter woorde word God se Wet ingelei?
16. Wat moet ons verder hieruit aflei?
17. Hoekom is liefde méér as net 'n gevoel maar dit is eintlik 'n daad?
18. Beskryf kortliks hoe Paulus die werking van die Wet in sy lewe insien?



**Die Wet Van Die Here Sondag 34 tot 44**

**SONDAG 34**

**92. Hoe lui die Wet van die Here?**

God het al hierdie woorde gespreek:  
(Eks. 20:1-17; Deur 5:6-21)

*Ek is die HERE, jou God wat jou uit Egipteland,  
uit die slawehuis, uitgelei het*

**Eerste tafel**



